kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Gaan, om te gaan wat?

Skriflesing: Matteus 28:16-20

"Do not go where the path may lead, go instead where there is no path and leave a trail."
— Ralph Waldo Emerson

## Broodjies vir die pad

"The difference between a "problem" and a "mystery" is that we may be able to "solve" a problem, but a mystery is something we have to live with."
— Harvey Cox, How to Read the Bible

"We don't believe something by merely saying we believe it, or even when we believe that we believe it. We believe something when we act as if it were true."
— Dallas Willard, Renovation of the Heart: Putting on the Character of Christ

## Die aand toe sy pa se baas hom by die huis bel

*Dana Snyman*

Hulle is in die kombuis. Hulle eet spaghetti en maalvleis.

"Gee bietjie vir my die tamatiesous aan, Bulletjie," sê sy pa en kyk na hom.

Dan begin sy pa se foon lui. Sy pa sit sy mes en vurk neer en tel die foon langs hom op die tafel op en kyk na die foon se skermpie.

"Dis die baas," sê sy pa.

"Antwoord," sê sy ma.

"Hallo, meneer," sê sy pa en kom regop, met die foon teen sy oor.

"Nee, dis reg. Meneer kan maar praat. Nee, dis niks nie. Praat gerus. Enige tyd."

Hy en sy ma eet nie verder nie. Hulle kyk na sy pa wat met die foon teen sy oor voor die agterdeur staan.

"Ja, meneer," sê sy pa weer, en maak die agterdeur oop en stap uit in die agterplaas. "Ek luister. Ek luister." Sy pa klink opeens bang.

Kolle kom om die huis se hoek gedraf en spring teen sy pa op. "Gaan kry daai hond," sê sy ma. "Hy pla vir pappa."

Hy gaan by die agterdeur uit na waar sy pa by die wasgoeddraad staan. Hy gryp Kolle aan sy halsband en trek hom eenkant toe.

"Wat kan ek sê, meneer?" sê sy pa. "Ek het nog altyd net my bes gedoen."

Sy pa begin heen en weer te stap, verby die wasgoeddraad tot teen die tuinmuur en terug. "Ek besef dis 'n slegte tyd, meneer," sê sy pa, "maar 'n mens het nou gedink . . ."

Sy pa vryf met sy hand deur sy hare. Sy ma kom by die agterdeur uit.

"Ja, meneer," sê sy pa. " 'n Mens besef dit."

'n Hele ruk stap sy pa heen en weer, met die foon teen sy oor. Op die tafel in die kombuis wag hul borde spaghetti en maalvleis.

"Wat wil meneer hê moet ek sê?" sê sy pa later, en gaan staan weer. "Ek kan seker niks sê nie. Ek moet dit seker net aanvaar."

Oor die wasgoeddraad hang twee vadoeke. Die een vadoek is geel en vol gate. Die ander een is wit met rooi en blou strepies.

Sy ma kom staan by sy pa en sit haar een hand op sy pa se skouer.

"Dis reg so, meneer," sê sy pa. "Dis reg. Dankie. Ek sal, meneer. Totsiens, meneer."

Sy pa laat sak die foon. "Dis toe só," sê sy pa en druk die foon in sy sak en sit sy arms om sy ma. Sy pa en sy ma hou mekaar vas.

Kolle waai sy stert en wil teen hulle gaan opspring, maar hy laat los nie vir Kolle nie. Hy hou vir Kolle vas. Iewers in die buurt druk iemand 'n motor se toeter.

Hulle hou mekaar vas, sy pa en sy ma, tot sy pa sê: "Dit voel onwerklik."

"Ons het darem minstens nog kos om te eet," sê sy ma en vat sy pa aan die arm.

Hulle gaan sit weer by die tafel. Kolle gaan lê op die matjie voor die wasbak.

Hy gee vir sy pa die tamatiesous aan, maar sy pa maak nie die bottel oop nie. Sy pa maak die spaghetti en maalvleis in sy bord deurmekaar met sy vurk en druk later die bord eenkant toe, sonder om van sy spaghetti en maalvleis te eet.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-aand-toe-sy-pa-se-baas-hom-by-die-huis-bel-20200529

"Words can be like X-rays if you use them properly -- they'll go through anything. You read and you're pierced."
— Aldous Huxley, Brave New World

"Let everything happen to you
Beauty and terror
Just keep going
No feeling is final"
— Rainer Maria Rilke

"Only those who will risk going too far can possibly find out how far one can go."
— T.S. Eliot

"He had theologically redefined the Christian life as something active, not reactive. It had nothing to do with avoiding sin or with merely talking or teaching or believing theological notions or principles or rules or tenets. It had everything to do with living one's whole life in obedience to God's call through action. It did not merely require a mind, but a body too. It was God's call to be fully human, to live as human beings obedient to the one who had made us, which was the fulfillment of our destiny. It was not a cramped, compromised, circumspect life, but a life lived in a kind of wild, joyful, full-throated freedom—that was what it was to obey God."
— Eric Metaxas, Bonhoeffer: Pastor, Martyr, Prophet, Spy

## Bike-sized Magic vii

Amid the surrealism that is Covid-19

a world upside down
humanity upset and aflutter
lost certainties, lost livelihoods, lost lives

so much whingeing among the haves
so much suffering among the have-nots

everyone suddenly an opinionated expert
yet nobody really knows

much beauty, much selfless care
much desperation

the death of a healthy friend of a friend
– it's getting closer now –

I received

early, when cycling out during our priceless slice of freedom
pushing the boundaries of my lockdown 5 km exercise bubble
(bike's fault; today it just wouldn't turn around)
past Bakoven to Oudekraal

pitch-black infinity, new moon, no traffic, silence ...
the only visibility: a tunnel of bike light
the only sound: singing wheels and the adjacent ocean doing its thing

a perfect gift.

20200523

## Genoeg

destyds, op skool
het ons jeugwerker ons Hillbrow toe gevat
om 'n middestaderediens by te woon
laataand stilte, lae beligting, troostende boodskap
randfigure wat kom en gaan soms sit soms staan
kollektetyd dra mense soos gewoonlik by
maar neem ook – die wat nodig het
verstom vra ons hoe dit kan werk
maar word gerusgestel
op 'n rare manier
raak die bord
nie leeg nie

dis hoe dit werk
met die kollektebord

nou, met die virus
trek baie mense bitter swaar
gee baie mense regtig om
hou aan betaal, betaal vooruit
dra by dra aan dra saam
deel uit leen uit stel uit
gee klere gee skool
gee kos geld sorg
gee hoop

dalk is dit hoe dit werk
met die genadebord

20200530

Christo Steyn